PRODUKOPLEIDING

……

Doel

Produkopleiding word in samewerking met Agrinet verskaffers en -personeel aangebied. Kundigheid op die vloer is lank reeds geïdentifiseer as een van die groot tekortkominge op kleinhandelvlak. Met hierdie program poog Agrinet om 'n bydrae te lewer tot die vlak van kundigheid binne die winkel. Die doel is om winkelpersoneel in staat te stel om met vertroue klante se vrae te beantwoord en van advies te voorsien. Produkopleiding vir klante is intensief, nie net in terme van produkkennis nie, maar ook in voortgesette fokus op klantetevredenheid. Kursusgangers sal nie alleen opleiding kry nie maar ook uitgebreide blootstelling aan die betrokke produkreeks. In alle gevalle word seker gemaak dat die beste persoon of persone gebruik word om die opleiding aan te bied.

Wie moet die opleiding bywoon?

Produkopleiding is gemik op afdelings-bestuurders, vloerbemarkers, assistent takbestuurders, takbestuurders, opleidings-beamptes sowel as aankopers.

Tydperk

Twee dae

Produkopleiding: Samrand

Inhoud

Die inhoud van- die produkopleiding kursusse in Samrand vir 2011 sien soos volg daarna uit:

Tuinbou
22-23 Februarie 2011

Fokuspunte

- Tuingereedskap
- Drukspuite & rugsakspuite
- Plant & plaag
- Kunsmis
- Kraggereedskap: Talon, Ryobi en Lawnstar

Gereedskap: Algemeen
8-9 Maart 2011

Fokuspunte

- Handgereedskap: Gedore
- Sny- en slypwiele: Grinding Techniques
- Draadklampe: Magi clamp
- Kleefmiddels: Henkel
- Kaufmann Gereedskap
- Kraggereedskap: Ryobi

Besproeiing: Tuin & pompe
13-14 April 2011

2-3 Augustus 2011

Fokuspunte
Produk verkoopsopleiding – nie-tegniese ontwerp

- Dompelpompmotors
- Skakeltuig
- Speroni oppervlakpompe en dompel-pompe
- Borequip boorgatpyp
- Elektriese motors
- Sentrifugale pompe
- Orbit tuinbesproeiing vir tuine en parke
- Rainjet mikrosprinkelaars vir tuine
- Algemene Besproeiing – kleppe, krane, sprinkelaars, koppelstukke, besproeiing toebehore

Verf en verwante produkte
10-11 Mei 2011

Fokuspunte

- Waterdigting & verwante produkte: ABE
- Verdunners, skoonmakers: Powafix
- Lere: SA Ladder & Iscaacon
- Produkgroep agtergrond
- Tegniese opleiding
- Produkreeks samestelling
- Prysstrategie
- Bemarking

Winkel Algemeen 1: Elektriese toebehore
8-9 Junie 2011

- Sweistoerusting en –toebehore: Afrox, HTC, Tonco
- Algemene elektriese komponente: Agrinet
- Hekmotors: DTS
- Elektriese kabel en sonenergie: HTC
- Leipyp en toebehore: Crabtree
- Beligting: Matelec
- Phillips gloeilampe: Ampucorp
- LED ligte: Uniontech
- Elektriese stroombrekers en skakelaars – CBI
- Audio en video: Ellies
- Kruideniers: Kategoriebestuur/rakversorging, voorraad en verkope

Binnewinkel: Voertuigonderdele en bykomstighede
6-7 Julie 2011

Fokuspunte

- Griespompe: Macnaught & Ictus
- Kompressors
- Tie-downs: Kaufmann
- Bakkie cargo webbing: KME
- Algemene voertuigbykomstighede: Motion perfection industries
- Filters: GUD
- Smeermiddels: Spanjaard
- 4x4 Toerusting en gebruike

- Algemene voertuig onderdele

Winkel Algemeen 2: Buitelewe en kampering
7-8 September 2011

Fokuspunte
- Cadac buitelewe produkte
- Swembadprodukte - HTH
- GPS Navigasietoerusting TomTom
- Buitelewe produkte - SA Leisure
- Buitelewe en kampering algemeen – Agrinet
- Vrugtesappe: Magalies/Malelane
- Watersuiweraars: Hydro Health
- Biltong: Boesmanland
- Neute en droe vrugte: Nutcracker
- Goggavangers: Electro Bizz
- Yskaste: Snowmaster

Koste
SAMRAND
Produkopleiding word ***GRATIS*** aangebied in en sluit studiemateriaal en middagetes in.

BELLVILLE
Koste beloop R250-00 per persoon en sluit studiemateriaal en middagetes in. (Ekstra kostes vir huur van geriewe).

Sertifikaat
Na die suksesvolle voltooiing van die kursus, ontvang die student 'n bywoningsertifikaat vanaf die Agrinet Opleidingsakademie.